



# KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 262

6 Julie 2009

TOULEIER

## Kom, skud jul sakke vir Bloemfontein se Kinderhuis



Nou ja, dis nou so ongeveer twee weke na die stilstaan en omdraai van die son hier regoor die Kreefskeerkring in die Noordelike Halfronde. Dit gee hom kans om dooierus te vat op 'n mens as jy selfs net daaraan dink om self stil te staan.

Nou hardloop 'n mens maar rond soos 'n balbyter-mier in 'n Upingtonse somer. As jou motor net 'n rukkies in die son gestaan het, kan 'n mens nie aan daai stuurwiel vat nie. Al manier is om vinnig te bly hande ruil soos wanneer mens 'n stukkie wors steel van die vuur af steel.

Van nou af tot in Ramadan mag die mense hier nie tussen 11 uur en 3 uur die middag buite in die son werk nie. Nou vertel hulle my die ergste kom nog. Lankal stort 'n mens nie meer in die dag nie, want die kouewaterkraan se water is warmer as die warm kraan sin. Njannies!

Uit die boekbedonnerde dorp in Duskantland laat weet my moertjie dat die water-pype al weer gevries het. Kan 'n mens van sulke uiterstes oorvertel! Julle klomp daar in Duskantland en die ander in die Suidelike Halfronde gaan mos nie nou rêrig met die gedagtes kan voel hoe warm dit hier is nie. En andersom.

Volgens magoed is dit nou ysbeertjie-koud in die Karoo. Sy verwys natuurlik na dié een:

Die klein ysbeertjie stap so al agter sy ma aan in 'n sneeustorm. "Mamma, mamma, is ek rêrig 'n ysbeertjie?" wil hy weet. "Ja my kind, jy's 'n ysbeertjie," antwoord sy en hulle stap aan.

"Mamma, mamma" vra hy weer, "is ma seker ek is 'n ysbeertjie?" "Ja jong, jy is rêrig 'n regte egte ysbeertjie" sê sy geduldig en weer styk hulle aan. 'n Derde keer stop hy sy ma. "Mamma, Mamma, ek is nie so seker ek is 'n ysbeertjie nie!"

"Nou maar hoe dan so my kind?", vra sy verbaas.

"Omdat ek flippin koud kry!"

Hy het natuurlik baie meer trefkrag met die krasser weergawe van 'flippin' maar kom ons hou dit maar liever spierwit en ysbeertjie skoon hier, nè?

Noudat jy lekker koud kry, is dit tyd dat ek meer ernstige nuus bring.

**Onsdorp** ondersteun van vandag af aan die **Kinderhuis in Bloemfontein**. Dink net 'n bietjie hoe baie van ons kindertjies nou koud kry en honger ly in Suid-Afrika. Kom ons begin help waar ons kan.

'n Paar lesers het al direk van my gehoor hieroor. Dis nou diegene wat te veel jaargelde betaal het en een of twee afgetredenes wat aangedring het om vir hul *Kammanuus* te betaal.

Ek het daardie gelde klaar in die **KINDERHUISFONDS** inbetaal. *Kammanuus* het ook 'n bydrae gelewer. Dus staan ons met die afskop reeds op R2000 sterk!

Ons gaan die storie heeltemal deursigtig bedryf en julle sal als te wete kom wat ons met die fondse gaan doen. Elke bydraer kan ook insette lewer oor wat ons doelwitte moet wees.

*Onsdorp* het vir die Kinderhuis sy eie webwerf geskep. Daar gaan ons gereeld terugvoering gee en is daar byvoorbeeld reeds 'n afskrif van die bankstaat geplaas sodat jy enige tyd kan sien hoe die fonds groei en bestee word.

Die adres is: [www.onsdorp.com/bloemfonteinkinderhuis](http://www.onsdorp.com/bloemfonteinkinderhuis). Gaan kyk gerus dadelik.

Indien jy wil deel wees van hierdie poging, sluit aan by ons Kinderhuis-poslys deur 'n leë e-pos te stuur (sonder onderwerp of inhoud) na: [kinderhuis@getresponse.com](mailto:kinderhuis@getresponse.com).

**Kom Kammalanders, reik uit, maak oop julle harte en julle beursies! Ons kinders mag nie ly nie.**

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**



# ROELFIE SLAAT RAAK

## ❖ ANC se positiewes

'N MENS is so gewoon om altyd net op die negatiewe gevolge van die ANC se bewindsoorname te hamer dat jy maklik vergeet van die baie voordele wat dit inhou.

- Letterlik tienduisende nuwe werksgeleenthede is geskep met die maak en installeer van alarmstelsels en veiligheidsheininge.
- Dan het daar ook 'n hele veiligheidsindustrie tot stand gekom, van motorwagte tot gewapendereaksie-eenhede.
- Van die Suid-Kaapse kusdorpe het 'n florerende uitvoerbedryf vir perlemoen begin, danksy die feit dat die ANC die eenheid wat stropers en smokkelaars aan bande moet lê, afgeskaf het. (Dit was nogal ironies toe een van die smokkelaars aangekeer is, want hy was 'n kandidaat in die verkiesing en het 'n motor vol ANC-plakkers gebruik om te smokkel.)
- En Wes-Slaapland – nog altyd arm aan mynbouprodukte – is nou skielik een van die groot uitvoerders van koper!

► **'n Mens moenie altyd net die negatiewe dinge raaksien nie.**

## ❖ Muishond op die soustrein

'n JAAR of vier gelede is Jean-Bertrand Aristide deur sy eie mense weens sy korrupsie as Haïti se president weggejaag.

Hy het toe dadelik 'n heenkome in Duskantland gekry, siende dat die huidige heersers uit hul pad gaan om met elke muishond – van Ghaddafi tot Mugabe – te assosieer.

Hulle kry toe vir hom en sy vrou betelende joppies as navorsers by UNISA. Nou is 'n klomp mense ontevrede nadat hulle gehoor het Aristide word boonop soos 'n gewone minister betaal en versorg, en dat hy ons by die R5 miljoen per jaar kos.

► **Wil hulle dan nou hê dat sommige misdadigers minder as ander betaal moet word?**

## ❖ Tweede dwaling

ROELFIE lees toe weer daai stukkie geskiedenis van die Xhosa-profetes Nonquawuse, wat 'n visie gehad het dat as haar mense al hul oeste vernietig en al hul vee doodmaak, hulle binne twee jaar twee keer soveel besittings sal hê.

Ons weet natuurlik almal wat toe gebeur het, en hoe die bevolking by die rand van uitwissing loop draai het.

Tweehonderd jaar later het die Xhosa-gedrewe ANC weer 'n visie gehad: As hulle die regering oorneem en van al die wit kundigheid ontslae raak, sal alles wat in die land verkeerd is, sommer oornag verbeter. Almal sal huise en werk en toegang tot dienste en goeie onderwys hê, ensovoorts.

► **Die tweede dwaling is op baie maniere net so erg soos die eerste, en hierdie keer word almal in die land die afgrond ingesleep. En as jy die ontkenning van vigs bytel, is die verlies aan lewens seker baie dieselfde.**


## ❖ Nog 'n kwiekfiks

DIE regering is met reg bekommerd oor die land se onderwys, maar soos gewoonlik gaan die verkeerde resep gebruik word om dit te verbeter.

Daar gaan nie skole gebou word vir die duisende wat nog onder bome skoolgaan nie. Daar gaan ook nie opgetree word teen onderwysers wat stokkies draai nie. Die gekke UGO-kurikullum gaan ook nie vir iets beter plek maak nie.

Nee, daar word al weer gesoek na 'n kortpad: Kinders wat nie matriek kan slaag nie maar oor die "potensiaal" beskik, moet nou tot universiteite toegelaat word.

► **En die beroepsmense gaan maar net harder kla oor die swak produkte wat hulle reeds uit die universiteite ontvang.**




**Dit het onlangs aan die lig gekom dat die staatsdiens R600 miljoen weens tenderbedrog verloor het. Dis nog nie bekend of enigeen vervolg gaan word nie maar Roelfie hou nie sy asem op nie . . .**

# Allegaartjie


## Dis mos beter in die tronk!




In die tronk sit jy in 'n sel van 8x10 voet



By die werk is jou sel se grootte 6x8 voet




In die tronk kry jy elke dag drie gratis etes



By die werk kry jy een ete en dan betaal jy nog self



In die tronk kry jy vir goeie gedrag afslag op jou vonnis



By die werk kry jy **NOG WERK** as beloning vir jou goeie gedrag en pligsgetrouheid

### TRONK:

Jy kan TV kyk en TV-speletjies speel.

### WERK:

Jy word afgedank as jy speletjies speel.

### TRONK:

Jou vriende en familie mag besoek aflê.

### WERK:

Jy mag nie eers met vriende en familie praat nie.

## EN DIE ERGSTE VAN ALLES:

In die tronk hoef jy niks te werk nie en word al jou onkoste deur die belastingbetalers gedelg.

Om te kan werk moet jy 'n klomp geld aan vervoer en dinge uitgee, en dan trek hulle nog geld van jou salaris af waarmee hulle vir die tronke betaal.

## BEWYSE VAN DIE RESESSIE



### Op 'n loodgieter se bakkie:

"Ons herstel alles wat jou man gebreek het."

### Op nog 'n loodgieter se bakkie:

"Moenie met 'n drup slaap nie. Bel ons gerus."

# OP KOMMANDO

## STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

## Onwelkome graaf toe maar koerant toe

Wat sommige van die buitelanders besiel het om destyds hier aan die suidpunt van Afrika aan Boerekant teen die Kakies te kom baklei, sal niemand ooit weet nie.

Een van die persoonlikhede wat destyds hier kom rondloop het, was die Oostenrykse graaf Adalbert Sternberg. Nadat hy tevore ook 'n draai kom maak het, het hy kort ná die uitbreek van die oorlog sy dienste aan die Britse magte aangebied.

Dié Oostenrykse edelman was nou nie wat 'n mens sou noem beskeie met sy menings nie. Hy het homself as 'n kenner op verskeie terreine beskou, maar volgens sy eie mening was hy by uitstek 'n kenner van militêre strategie.

Die Engelse het skynbaar nie in sy siening van homself gedeel nie, want hulle het sy aanbod om hulle te help summier van die hand gewys.

Nie dat dit ons graaf se moed gebreek het nie. As die Engelse dan sonder sy hulp kon klaarkom, dan gaan hy maar sy hulp aan die Boere aanbied, het hy besluit.

Die Boere het vrywilligers bitter nodig gehad, maar 'n Boer het darem sy trots ook. Die Boere het graaf Sternberg hartlik bedank vir sy aanbod, maar laat weet dat hulle nie 'n geskikte pos vir 'n militêre kenner soos hy gehad het nie. Dankie, maar nee dankie.

Ons vriend was egter nie 'n man wat hom sommer laat wegwys nie. As die Engelse en die Boere hom nie wil gebruik nie, was daar nog een opsie oor: Koerantman! As oorlogskorrespondent het hy hom aan genl. Piet Cronjé gaan voorstel en sommer so voordat hy sy hand gelos het, hom van 'n stroom militêre advies bedien.

Die byna ewe omstrede Fransman kol. Villebois-Maurueil het hom verkneukel aan die maniertjies van die Oostenrykse edelman. Volgens Villebois-Maurueil het Sternberg sigare gerook wat vyf sjielings stuk kos, maar soms drie dae laat verbygaan sonder om te bad!

Wat die Fransman behoorlik ontstel het, was dat die Oostenryker gaan <sup>sbaap</sup> het sonder om sy stewels uit te trek.

Alles was darem nie negatief nie. Met Sternberg se voorliefde vir droë Franse sjampanje kon Villebois-Maurueil nie fout vind nie. Toe Sternberg egter 'n bottel van Frankryk se beste sjampanje se prop uittrek met hande wat pas 'n ui geskil het, kon Villebois-Maurueil hom beswaarlik betuel.

## Uitskud

Soos die oorlog gevorder het, het die Tommies 'n al groter bron van klere vir die Boere geword.

Britse kolonnes wat oorweldig is, moes "uitskud" – hul netjies uniforms uittrek en dit daar en dan verruil vir die vodde waarin die Boere geklee was.

Hoe aktiewer die kommando was, hoe beter was sy kans om klere van die Britse soldate te buit.

Een Boere-offisier onthou 'n geval toe sy manne en die Tommies liedjies ge-sing, saam sigarette gerook en selfs 'n bietjie rum gedrink het terwyl die proses van ontkleding gebeur het.<sup>2</sup>

Die Boereleiers was vol begrip vir die praktyk van uitskud, wat uit nood gebore was.

'n Gesaghebbende Britse publikasie het ook begrip hiervoor getoon:

"Die Boere was 'n volksleër sonder 'n eie uniform.

"Daar moet onthou word dat die slaprandhoed wat die Boere gedra het, op sy beurt deur die Britse leër oorgeneem is."




**Die Boeremagte het treinspore en -brue by verskeie geleenthede opgeblaas. By een so 'n voorval is Winston Churchill by Chieveley, naby Colenso, gevange geneem. Hy was 'n oorlogskorrespondent.**



# Dié week se giggels

## RESESSIE



**Party** vroue kan 'n grap hanteer. Baie van hulle wil glad nie 'n man in hul lewe hê nie.

**Hoekom** sluit hulle die toilette by diensstasies? Is hulle bang iemand maak hulle skoon?

## MISVERSTAND

Die klomp boere hou vergadering in die Vrystaat oor die jakkalse wat die skape so afmaai.

Natuurbewaring stuur 'n jong dametjie om die boere te oortuig om nie die diere uit te wis nie. Sy stel voor dat hulle die mannetjies-jakkalse vang en te steriliseer, en so die getalle te begin beheer sonder om die spesie uit te wis.

Toe help 'n omie in die gehoor haar reg: "Juffrou, jy verstaan nie mooi nie. Die jakkalse kafoefel nie met ons skape nie, hulle EET hulle."

## WEERMAN

Die juffrou vra die klas of hulle weet wie Jacob Zuma is. Jannie spring op en sê hy is die weerman op TV.

Juffrou: "Nou hoekom sê jy so?"

Jannie: "Want elke keer as Zuma op die TV kom, sê my pa: 'Daar is die donner weer.'"

## HY'T DAARNA GESOEK!

Die man en vrou het op hul 40ste herdenking ernstig getwis. Die man skree: "As jy sterf, gaan daar op jou grafsteen staan: 'Hier lê my vrou - Koud soos altyd.'"

"O ja?" antwoord sy. "En op jou grafsteen gaan staan: 'Hier lê my man - uiteindelik styf.'"

My ma het my logika geleer:  
"Want ek sê so, dis hoekom!"  
Sy het my ook van sintuie geleer:  
"Kinnere word gesien en nie gehoor nie!"

## GEWERE EN VROUENS

Die manne sit om die vuur en gesels oor hoekom dit so lekker is om te jag.

Oom Johnny vertel toe dat party ouens selfs hul gewere bo vroumense verkies.

"Jy kan maklik 'n ou .44 vir 'n nuwe .22 inruil; jy kan een geweer by die huis los en 'n ander een saamvat as jy gaan jag; 'n vriend gee nie om as jy sy nuwe geweer toets nie; jou geweer sal by jou bly, al raak jou ammunisie op; gewere vra nie of hulle vet lyk nie. En die beste is jy kan vir 'n geweer 'n knaldemper opsit."

Die definisie van 'n alleenlopende man:


Iemand wat Saterdagavond sy saad plant en Sondag bid vir 'n misoes.

## WAT SKORT OP DIÉ FOTO?



Antwoord onderaan bladsy 7

## HÄGAR deur Dik Browne





# Duskantlander in Anderkantland

## Die rooi taal en die Britse tradisies spook

**Die 17de Junie 2009 is dit presies tien gelede wat ek uit Suid-Afrika uit gevlieg het. "Net vir een jaar om bietjie te reis," was my vaste oortuiging, skryf MARI SCHMIDT in Beeld.)**

Só het my een jaar in Engeland jaar na jaar langer geword, en ek het leer Engels praat. As 'n mens van Bethulie af kom, is Engels baie laag op enige prioriteitslys. Volpunte vir my engelse kollega's van Crawley wat sin moes maak uit my unieke weergawe van Engels.

Ek onthou een spesifieke dag wat ek vir Gerry, my Skotse kollega, iets probeer verduidelik het. Na die vyf minute lange verduideliking kyk hy vir my, skud sy kop en sy woorde was: "Oh my word, was that English?"

Gedurende een van my baie SA kuiers vlieg 'n tarentaal voor my in naby Wesselsbron en daar waai die huurkar se spieëltjie saam met spikkelvere en ander *jukkie* ingewande.

Terug in Engeland vertel ek vir Gerry van die episode en hoe ek 'n "flying guinea pig" getref het. (Die "guinea fowl"-woord het my heeltemal ontduik soos met baie ander woorde). Eers sê hy niks nie, maar tien minute later was hy terug by my tafel. (Hy het eers 'n ander Suid-Afrikaner gaan bel om seker te maak dat die varkies in SA nie kan vlieg nie.)

In sy hande was 'n prentjie van 'n "guinea pig" en hy wou weet hoe hierdie marmotjie gevlieg kry.

By 'n ander geleentheid het ons een aand 'n krimpvarkie gered uit ons agtertuin in Burgess Hill, in 'n handdoek toegedraai en, in die middel van die nag, iewers in 'n boer se land gaan loslaat.

Die volgende oggend vertel ek hoe ons 'n "warthog" in 'n handdoek gesit het en terug na sy familietjie toe gevat het.

Gerry se eerste woorde: "This is another guinea pig story, right?". Die rooi taal het my weer eens ontgaan en "warthog" en "hedgehog" klink trouens amper dieselfde. Engeland het my geleer hoe om jou eie petrol in te gooi en die olie te *tjêk*, hoe om geduldig in 'n tou te staan ('n nasionale sport daar), dat "health and safety" maatreëls nie noodwendig logies hoef te wees nie, en hoe om voor te gee dat dit nie eintlik reën nie.

Die lewe staan stil wanneer dit donder in die Suid-Vrystaat en ek onthou die groot geraas as die water neer emmer op Springbokfontein se sinkplaatdak. Ek verkeer nie eintlik baie in die reën nie (want dis te nat), en soms, wanneer ons op die South-Downs gaan stap-gly het in die modder, het ek só verlang na die huis se lang geel gras, blou lug en wit wolke.

Ja, die gras is altyd groener aan die ander kant, of sal ek liewers sê "geler"? So word ek toe in Engelse burger in Hove-actually en beloof trou aan koningin Liesbet met haar wit skoene. Ewe skielik maak die wêreld oop voor hierdie half-boer-half-Brit en dis soos 'n rooi tapyt wat my in elke Europese land innooi.

Die travel-gogga het my nog altyd veilig vas in haar kloue vasgehou en nou was daar geen keer aan my nie. Verby was die nagte wat ek in 'n lang tou voor 'n ambassade se deur in Londen geslaap het.

Ek het geleer van die Britse kultuur en dat diplomaties die wagwoord is - dis uit om dit te sê soos wat dit is.

Dat die Britte baie privaat is, en dat dit nog meer uit is om net by hul huis in te val vir 'n kuiers. Bel liewers eers.

Dat Kersfees Engeland in 'n malhuis laat verander en dat mens vyfuur in die oggend jou kalkoen kan gaan koop.

Dat hulle dink 'n "bbq" is om jou pêttes en walgworsies te verbrand. Dat 'n mens liewer nie hul troeteldiere moet skeef kyk nie, en dat die lewe kan wentel om pubs met hul warm atmosfeer, lae plafonne, bontpatroon matte, "pints" en sokker op die TV.

**Mari is toe Australië toe. Lees volgende keer van haar lewe daar.**



# MAKERIEPAS

## Oumanne in die army: DIE VIERING

Deur Wessel Ebersohn

Die laaste aand het sammajoor Voëltjie gereël dat almal kans kry om te ontspan en hulle ontslag uit die *army* die volgende te vier.

Daar is vleis gebraai en drinkgoed was volop. Ligte-uit tyd was uitgestel tot 11 uur, maar daar is streng opdrag gegee dat almal in hulle kwartiere moet wees wanneer die fluit blaas.

Oral het die manne in groepies vergader om nabetragting te hou oor die afgelope twee weke se opleiding en daar is vir die eerste span geëet en veral gedrink. Ek en „n paar van die ouens van my peleton het, nadat ons klaar geëet het, teen 'n houtheining gaan sit en verder gekuier.

Die fluit het lateraan geblaas, maar ons was nog lank nie uitgekuier nie en het tussen ons nog 'n hele paar biere gehad wat aandag gesoek het.

Dit was seker so 'n halfuur nadat die ligte-uit fluit geblaas het dat ons gehoor het hier kom „n groep ouens aan die anderkant van die heining bymekaar, duidelik ook daarop ingestel om eers klaar te kuier voordat hulle kooi toe gaan.

Ons wou net opstaan om by hulle aan te sluit toe Hennie sê: "O, donner, dis die offisiere!"

Ons was nie lus vir sammajoor Voëltjie se skerp tong nie, maar dit was onmoontlik om maklik ongesiens weg te kom.

"Kom", het Hennie gesê, en duidelik deeglik bewus van die erns van die situasie het hy op sy maag begin wegseil hoofgebou toe. Ons het hom gevolg, plat op ons pense. By die slaapkwartiere gekom, het ons versigtig ingeglip en gaan slaap.

Die volgende oggend het die manne met rooi oë rondgestaan en die vorige aand se vieringe bespreek. "Jis, ons het 'n *close call* gehad," het Kallie gesê. "Daardie klomp offisiere het ons so byna gevang!"

"Waar?" wou Loodvoet weet.

Toe ons verduidelik begin Loodvoet uit sy agterkeel lag.

"Dit was nie offisiere nie! Dit was sommer 'n klomp ouens wat saam met „n paar van die instruksies 'n paar biere gedrink het. Ons luitenant was ook daar."

"Bliksem!" het Hennie gesê, "en daar *leopard crawl* ek my uniform in sy moer in vir niks!"

Net toe kom ons luitenant daar aan en groet vriendelik.

"Jis, kêrels, dit was 'n moerse paartie! Ek is seker ek was loshanne die dronkste van julle almal!"

Ons en luitenant Loshanne was vir jare daarna nog vriende.

**En hiermee het die sandjies voorlopig uitgeloop uit ons reeks oor toekase weermag. As daar nog sluimerende stories rondlê, moet julle dit aanstuur! (Hennie.)**

**Liewe Jesus**

My broers het vir my vertel van hoe 'n mens gebore word, maar dit klink nie reg nie. Hulle maak seker net 'n grap, nê?

Marsha

**Liewe Jesus**

Ons het geleer dat Thomas Edison lig gemaak het, maar in die Sondagskool leer ons U het. Ek wed hy't Jou idee gesteel.

Donna

**ANTWOORD: WAT SKORT OP DIE FOTO?**

Nie een van die mans werk of het 'n veiligheidshelm op nie.



## So 'n bietjie PITKOS

### Groot Muur is nog groter

Nuwe opnames met die jongste tegnologie het getoon dat die Groot Muur van Sjina baie langer is as wat eers gemeen is. Die Muur, waarvan dele ouer as 2000 jaar is, strek oor 8830 km en nie 5000 km nie.

Die slegte nuus is dat net sowat 15% van die Muur in 'n goeie toestand is.

Bewerings dat die Muur die enigste mensgemaakte voorwerp is wat van die maan af sigbaar is, is ook sommer 'n ouwroustorie. Dit is ewe onmoontlik as wat dit is om 'n menshaar op 'n afstand van 3.5 kilometer met die blote oog te sien. Die muur is 9 meter wyd.

- Dit sal 'n moderne ruimteskip 70 000 jaar neem om die naaste ster aan die aarde te bereik.
- 'n Asteroïde het elke enkele dinosaurus op aarde uitgewis, maar geen padda- of koggelmanderspesie is geaffekteer nie. Niemand weet ook hoekom krokodille en skilpaaie oorleef het nie.
- Venisië is beroemd vir sy kanale, maar Birmingham in die VK se kanale is 35 km langer.



'n Stukkie van die Muur naby Moetianjoe, nie te ver van Beijing af nie.



## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

#### Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

**BOTHA** - [amy\\_sweetie\\_pie@hotmail.com](mailto:amy_sweetie_pie@hotmail.com)

Ander vanne waarin ek ook belang stel is Harmse, van Niekerk, Stro'h, van Zyl en Geldenhuys

**BRITZ** - [hansbritz1@gmail.com](mailto:hansbritz1@gmail.com)

[melinda\\_britz@hotmail.com](mailto:melinda_britz@hotmail.com)

Pa se familienaam is Willem Christian Britz.

**LOURENS** - [stompie@ukhahlamba.gov.za](mailto:stompie@ukhahlamba.gov.za)

Van die Kaapse Lourense. Familie het waarskynlik van Duitsland gekom en hoofsaaklik in die Suid-Kaap gevestig.

**NEETHLING** - [marius@hhi.co.kr](mailto:marius@hhi.co.kr)

Inligting oor die Neethling-stamboom benodig, Noord-Kaap.

**PIETERS** - [0798880151@vodamail.co.za](mailto:0798880151@vodamail.co.za)

Wil graag meer wou weet oor Hermanus Pieters en sy nageslag.

**PIETERSE** - [maxa@telkomsa.net](mailto:maxa@telkomsa.net)

Stamnaam Ferdinand Lukas Johannes Bartholomeus. Kontak my asb. met enige inligting vir hierdie stamboom.

**POLDEN** - [kriegler@telkomsa.net](mailto:kriegler@telkomsa.net)

**PRESTON** - [wayrit@gmail.com](mailto:wayrit@gmail.com)

Vader se naam Robert Richard. My name is Wayne Richard.

**REYNEKE** - [rentia@koshom.co.za](mailto:rentia@koshom.co.za)

Soek enige inligting rondom ons stamvader Adam Ryneke.

**RIEKERT** - [wayrit@gmail.com](mailto:wayrit@gmail.com)

Vader Johannes Jacobus en oupa Simon Lodewyk.

**STEYN** - [drika@qtlnylstroom.co.za](mailto:drika@qtlnylstroom.co.za)

My oupa: Douw Gerbrand Steyn g.1869 d.1955

3 keer getroud: 18 kinders. My oupa was die jongste van 8 kinders, 5 broers en 3 susters.

'n Artikel wat oor hom geskryf is se hy het op steenkoppies gewoon. Hy het onder Ben Viljoen en De Wet geveg in die Boereoorlog.

**TALJAARD** - [csfabrication@telkomsa.net](mailto:csfabrication@telkomsa.net)

Addisioneel: Ek soek meer invormasie oor die Tajaard-familie.

**VAN COLLER** - [selinda17@webmail.co.za](mailto:selinda17@webmail.co.za)

**VERWEY** - [anettevn@mweb.co.za](mailto:anettevn@mweb.co.za)





# Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**

## Sit daai vlek op sy plek!

Ons het al almal hanne-innie-hare gesit oor hardnekkige en ongewenste vlekke. Wel, vandag se Wenwenke is :

\*Behandel alle vlekke so gou moontlik!

\*Gebruik altyd 'n handdoek of handdoekpapier aan die onderkant van die vlek sodat die vloeistof en vleksousies nie deursyfer na die materiaal daaronder nie.

\*Sommige kolle sal deur hitte weerstandig gemaak word, maar VET en KERRIE word maklik uit wasbare materiaal verwyder deur kookwater uit die ketel vanaf 'n hoë afstand daarop te gooi.

Maak jou kledingstuk met wasknypers om die rand van 'n skottel vas met die vlek in die middel en gooi die kookwater dan vanaf sowat 1 m direk daarop. Was gewoonweg daarna.

\*Baie vlekke op wit of kleurvaste materiaal reageer gunstig op Domestos, Handy Andy, of 'n spuitsel Doom, pas net op dit kan ander kleure bleik!

Probeer ook Suurlemoensap, Bloekomolie en waterstofperoksied op 'n vlek voordat jy moedeloos raak!

\*Alkoholvlekke: Verwyder met een deel wit asyn en 3 dele louwarm water.

\*Beetvlekke : Vryf die vlek in met sout en spons daarna af met warm water. Of gooi Boraks op die vlek en giet kookwater daarop soos hierbo verduidelik.

\*Bloed : Bedek vlek met vleisversagter (meat tenderizer) en 'n bietjie koue water. Week so rukkies en was in koue water en seep. Ou bloedvlekke kan met 'n pasta van mielieblom ingevryf word en in die son laat lê word om te bleik. Vlekke kan ook oornag in wit asynwater geweek word.

\*Ink : Vryf vlekke uit met wit spiritus of Dettol. Vlekke op ligte leer kan met witdulsies uitgevryf word. Inkkolle kan ook in melk of karringmelk geweek word, of hou die kol klam en sprinkel Steradent daarop. Was daarna met amoniak en warm water.

\*Ghries en olieplekke: Vee vlek af met Dettol en spoel in skoon water, of week vlekke in Dettol en was daarna. Of spuit met Doom, wag rukkies en was dan.

\*Gom se moses is wit asyn of brandspiritus.

\*Kougom: Sit die kledingstuk in die vrieskas en krap dit later af, of gebruik Doom en vryf af.

\*Droë Modder: Borsel dit af en vryf dan met 'n halwe rou aartappel, borsel weer af wanneer droog, was dan soos gewoonweg.

\*Moerbeivlekke, vryf met 'n groen moerbeif of moerbeiblaar oor vlek en was gewoonweg.

\*Mufkolle : Dis 'n fungus en nie 'n vlek nie en kan materiaal vernietig. Smeer die kolle in met seep en laat in son droog word voordat jy dit was. Herhaal tot kolle verdwyn. Dit kan ook oornag in suurmilk geweek word ( as jy nie suurmilk het nie, meng 1 k. melk met 2 e. suurlemoensap).

► Ek wil julle ook herinner om op ons SO MAAK MENS-werfie te gaan loer, ons Forum aldaar is spesifiek gemik op lesers se navrae. Julle kan daar reeds verskeie rate en resepte raaklees, soos wat gedoen kan word om koper blink te kry, of te keer dat die konfynt uit tertjies kook, of hoe om ontslae te raak van rysmiere. Iets oor koeksisters, gemmerkoekies, kluitjies op 'n potjie en selfs iets oor Bethulie se dorpswapen!

## Klagtes aan die munisipaliteit

- Ek wil 'n paar vermiste teëls vanaf die buitenste toilet se dak aanmeld. Ek vermoed dis 'n slegte wind wat dit nou die aand afgeblaas het.
- My toiletsitplek is gekraak. Waar staan ek nou?
- Stuur asb. 'n man met die regte gereedskap om my vrou te bevredig.
- Kan julle asb. iemand stuur om die tuinpaadjie te kom regmaak. My vrou het onlangs daar gestruikel en nou verwag sy.
- Ek skryf namens my wasbak wat besig is om los te kom van die muur.

# AGTEROS

## 400 teen 1

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

"Toe ons daar by die Joelaai se hekke loop staan en indraai, toe sal ons sien daai perd van ons hettie boekmakers skoon op hol."

Gesels ek en oorle oompie Doors mos eendag pêre. Weetie ou mos te loop staan en vertel vannie slag toe hy innie reisiesperd bedryf beland het. Vertellie ou dat die ding eintlik beginne het toe hy die prokureur in Springbok moes gaan sien oor oorle Kareltyjie Katknyp se laaste wil en testament.

"Swaerie", hef die ou dit aan, "toe ek by daai kantoor instap, toe's daar g'n plek virre vlieg om teenie muur te loop sittie, so behang is die plek van pêrekiekies.

"Raak ek so verdiep innie kiekies lat ek amper loop staan en runnik toe die prokureur, oorle Sokkies Stone, skielik vir my kom staan en verwelkom om by die besigheidstafel te loop aansit."

"Nalat ons nou die droewe gebeurtenis loop staan en uitsorteer en oom Sokman die Mede en Persiese wette van begrafnisse klaar geverduidelik het, toe praat ons pêre. Nie sommer net van praat nie, práát meen ek nou.

"Vertellie prokureur vir my van Sea Cottage, Jollify, Java Head, Chimboraa, Mazarin en Yatagan. En hoelat 'n man kan pond bymekaarmaak met pêre. Nie ploeg- of trêppiepêre nie, reisiespêre!" weetie ou te vertelle.

Sê die ou lat toe hy daar uitstap, toe wéét hy sommer hierie was 'n bestiering – amper soosie manna van ouds – assit geleentheid reën, moete man geleentheid skep. So loop spring hy oppie foun en lui sy goeie vrind Gert Brandt; Gert Pond wassie ou se bynaam. Hét daai man mos geld, en wéét daai man hoe om geld te laat groei!

So loop staan en raak oorle oompie Doors afrigter-bestuurder en Gert Pond eienaar-aandeelhouer inne reisiesperd wat hulle ongesiens en voet der stoots in Ceres se wêreld loop staan en aankoop het.

Moos Geduld, Oompie se lusernland oorsiener, word opstuk opgelei as jokkie. Kompleet met 'n Kaapse Klopse bont baadjiepak wat hy weer per geleentheid by 'n kleinneef van sy oorle ma innie Elsie's loop staan en leen het.

Doop hulle die wendier opslag "Thunderflash" Sukkel Oompie ommie naam lekker in Ingils te sê. Veral sonner sy valstanne. Maar, so wil die ou nou die veringilsing loop staan en goedpraat, hulle kon mossie 'n perd mette Boerenaam soos Kolboo Durban toe vattie!

□ □ □

So sittie spulletjie af Durban toe. "Fannerflêsj" innie horsboks, Gert Pond agter die Valiant se stange, oompie Doors links voor ennie jokkie met saal, toom en reisiesklere oppie agterste sitplek. Kry die stomme Moos nikse padkos nie – net water om sy gewig te betuel!

Sê Oompie, "Ou Swaerie, dis toe ons daar by die Joelaai se hekke loop staan en indraai, toe sal ons sien daai perd van ons hettie boekmakers skoon op hol. Wettie mense sommer 400 teen 1 op onse wanner.

Sit ek stilweg ook skelmpies 'n paar pond op onse nommer wyl Gert Pond amper 'n mudsak note loop waag. Man wéét mos om geld te laat groei!"

"Toe't daai hekke oopskop, vlie die span pêre daar weg mette hoefgedonner soos die kanonne daai slag by Majuba. Druk ek sommer my oë toe om 'n hartstilstand af te keer," vertellie ou.

"Daai slag wattie mense loop staan en stil raak, loer ek so tussenie vingers deur, heilig oortuig lattie skeidsregter besig is om Moos se hand omhoog te hou! Sal ek loop staan en sien Fannerflêsj staan rustig en wei aanie groen grasse van Durban. So 50 treë annerkant die 200 treë bordjie.

Moos moer hom mettie peits lat sy hare soos lusernstoppels agter 'n snymasjien warrel. Knip daai perd nie 'n oogje! Vreet gras lattie groen bolle skuim om sy bek loop staan en opdam."

"Stap ek en Gert Pond, baard oppie bors, na onse wenperd toe. So innie loop haal Gert sy oorle oupa se .45 Webley Boere-oorlog rewolwer uit sy baadjie se sak uit.

"Sien ek sy plan. Raak my hart skoon murwe vir onse perdjie. Stomme ding was mos niks anders as gannabos en droë boesmangras gewoontie. Sê ek vir Gert, neef Gert, sê ek, moet hom asseblief nie skietie, ek hette beter plan. Kom ons hol liever vir hom weg!"

Jou volgende KAMMANUUS land op 20 Julie. Vasbyt!

Nog net 13 slabies voor jou volgende  
Kammanuus - op 23 Maart. Byt vas!